# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis... / Your home away from home...*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

**28/02/2010**

Op 'n onlangse Koshuisraadsvergadering is besluit om op 'n meer gereelde basis met ons koshuis-ouers te skakel en hier is ons eerste poging. Ons hoop van harte dat dit 'n bydrae sal lewer om 'n oop kommunikasielyn nog verder te verbeter. Ons sal graag u kommentaar wil hoor en meer nog, insette waardeer om hierdie nuusbrief te verbeter. Die idee van hierdie nuusbrief is om inligting en nuus aan u deur te gee. Indien u nuus het van oudkoshuisleerders wat presteer of nuus-waardig is, stuur dit asseblief aan ons deur sodat ons dit met die res van die koshuisgemeenskap kan deel.

## PROSEDURE BY KONFLIKHANTERING

Daar kom soms "snaakse" stories by die huis aan en ons stel voor dat u asseblief die volgende prosedure volg:

- Maak dubbel seker van die feite
- Kontak die superintendent dadelik
- Indien 'n ander leerder betrokke is, vermy persoonlike konfrontasie met daardie leerder - werk asseblief deur die superintendent
- Indien u nie met die superintendent se hantering van die saak tevrede is nie, kontak asseblief die skoolhoof. Hy is oorhoofs verantwoordelik vir albei koshuise.
- Indien u nog nie tevredenheid kry nie, is die Koshuisraad en daarna die Beheerliggaam van die skool die volgende opsies.

Ons hoop u het nooit nodig om verder as die tweede punt te kom nie.



## WASSERY

Hoërskool Oudtshoorn se koshuise beskik oor geriewe waar leerders se klere teen betaling van R240 per kwartaal gewas kan word. Dit moet egter vooraf met die huismoeders gereël word .

Koshuisleerders se klere moet duidelik gemerk wees en in 'n wasgoedsak met sy/haar naam daarop op Dinsdagoggend by die waskamer by Pinehurst ingehandig word. Dit kan dan weer Donderdagmiddag afgehaal word. Die volgende beperkings geld:

- Maksimum van 5kg droë gewig
- Geen klerewas na 'n tuisnaweek nie
- Ook nie die laaste week van die kwartaal nie



## KOSHUISFUNKSIES 2010

Daar gaan kort-kort stemme op dat Archer/Pinehurst funksies moet reël waar ons ons koshuisouers ook betrek. Daar is op die onlangse Koshuisraadvergadering besluit om vanjaar twee funksies [dans, wynproe, ens.?] te hou met die doel om fondse te in om die koshuise nog aangenamer vir ons leerders te maak.

Kom asseblief met voorstelle sodat ons die datums vir 2010 kan vasmaak. U kan gerus met die superintendente of die koshuismoeders skakel.


## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen | 044-2791623 | johan@oudhs.wcape.school.za |
| **PINEHURST**: | | |
| Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph | 044-2791755 | gerritrudolph@yahoo.com |
| Koshuismoeder: Mev. Franzie Steynberg | 044-2726155 | |
| Diensdoende Personeel: | | |
| Me Yvonne Robinson | 044-2794061 | |
| Me Marguerite Erasmus | 074 129 4646 | |
| **HUIS ARCHER**: | | |
| Superintendent: Mnr. Dave van der Walt | 044-2722580 | davesus@mweb.co.za |
| Koshuismoeder: Mev. Susan van der Walt | 044-2722580 | |
| Diensdoende Personeel: | | |
| Mnr. Herman Marais | 044-2723163 | |
| Mnr. Christo Serfontein | 044-2792753 | |
| Mnr. Lammie Brink | 084-6556505 | |
| | | |
| Koshuisraadvoorsitter: Mnr. Nico de Wet | 082-8234789 | |

## SPELETJIES & ONTSPANNING

Ons is op soek na speletjies en ontspanningsapparaat soos veerpyltjieborde, vingerborde, ens.

Moontlik is daar in u huis [of motorhuis] sulke speletjies of apparaat wat u nie meer gebruik nie en aan ons wil skenk.



U kan gerus met ons skakel indien u dit aan ons wil skenk.

PROUDLY Struisie TROTS

TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## UITBOUING VAN KOSHUISE

Daar is heelwat van u wat puik idees het oor hoe ons Struisies se koshuise nog beter kan maak en sodoende Huis Archer en Pinehurst 'n groter aanwins vir die gemeenskap kan maak. Ons luister graag na u idees en planne.

Skakel gerus met ons.

## KKNK 2010

Dit is vir ons aangenaam om te meld dat ons koshuise vol bespreek is vir KKNK 2010! Die kampering by Huis Archer is ook reeds vol bespreek en by Pinehurst is daar slegs enkele staanplekke vir die tweede deel van die fees oor.